



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT **DATABESTUUR: BOERDERY N6**

(4090476)

22 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

083Q1B2022

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
DATABESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN OPSIENERS EN KANDIDATE

DIE KANDIDATE KRY 25 MINUTE OM DEUR DIE INSTRUKSIES TE LEES.

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES AANDAGTIG DEUR VOORDAT JY DIE VRAESTEL BEANTWOORD. DIE OPSIENERS SAL ENIGIETS WAT ONDUIDELIK IS, VERDUIDELIK, INDIEN NODIG.

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A: Teorie (80 punte)

AFDELING B: Woordverwerking/teksmanipulasie, sigblad, en databasis (120 punte)

2. AFDELING A moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word en dit moet bo-op die DRUKSTUKKE in die geel vouer geplaas word.

AFDELING B moet op die rekenaar met behulp van woordverwerking, sigblaaie en databasisprogramme gedoen word. Elke DRUKSTUK moet sowel die EKSAMENNOMMER as die VRAAGNOMMER as 'n kopreël of as 'n voetreël bevat, volgens die instruksies. Handgeskrewe EKSAMENNOMMERS en VRAAGNOMMERS is NIE aanvaarbaar NIE.

3. Die DRUKSTUKKE kan op A4-papier of op aaneenlopende rekenaarpapier gedoen word, tensy 'n gespesifiseerde grootte papier in 'n vraag verlang word of 'n briefhoof verskaf word. Die DRUKSTUKKE moet in die korrekte volgorde in die vouer geplaas word. Punte sal afgetrek word indien die antwoordblaaie NIE in die korrekte volgorde is NIE.

4. Die kandidate wat aaneenlopende papier gebruik, moet die blaaie skei voordat hulle dit indien.

5. Daar word GEEN bykomende druktyd toegestaan nie.

6. Ingeval daar 'n kragonderbreking voorkom of 'n rekenaar of drukker onklaar raak, moet die opsiener die nodige reëlins tref sodat die kandidate kan voortgaan, en die werklike verlore tyd moet bygevoeg word.




7. As daar 'n probleem met bepaalde drukkers ondervind word, byvoorbeeld dat dit nie 'ë' druk nie, moet 'n verslag daarvoor saam met die sentrum se ANTWOORDBLAAIE gestuur word.


8. 'n Kandidaat mag 'n tikliniaal, 'n woordeboek en 'n lys ASCII-kodes in sy/haar besit hê. 'n Speltoetser mag gebruik word.
9. Elke antwoord moet op 'n aparte vel papier gedruk word en op slegs EEN kant van die papier.
10. Moet NIE ANTWOORDBLAAIE aan mekaar vaskram nie. Punte sal afgetrek word as daar aan albei kante van die papier gedruk is en as die ANTWOORDBLAAIE vasgekram is.
11. Wanneer die eksamensessie ten einde loop, moet AL die DRUKSTUKKE wat 'n kandidaat nagesien wil hê, in die EKSAMENVOUER geplaas word, en ALLE ander DRUKSTUKKE MOET by die opsiener ingegee word. GEEN DRUKSTUKKE mag hoegenaamd uit die eksamenlokaal verwyder word of in snippermandjies weggegooi word nie. DRUKSTUKKE wat NIE vir nasien-doeleindes ingedien is NIE, moet aan die einde van elke sessie ingesamel en aan die einde van die dag vernietig word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingedien word.
12. ALLE werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om die verlies van werk ingeval van 'n kragonderbreking te verhoed. GEEN bykomende tyd MAG toegeken word vir werk wat verlore geraak het omdat dit nie gestoor is nie. Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om die antwoorde teen uitvee te beskerm.
13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde antwoorde te kan druk, word die kandidate daaraan herinner om hul werk ná elke afsonderlike afdeling te stoor voordat dit gedruk word.
14. Elke kandidaat moet die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n disket wat die gestoorde antwoorde bevat (behoorlik met die kandidaat se eksamen-nummer op die dekblad gemerk) aan die einde van die eksamensessie indien. (Hierdie diskette moet vir veilige bewaring vir een jaar by die eksamenafdeling ingedien word ingeval die eksaminator/modereerder of eksamensuperintendente navrae daaroor rig.) As daar geen diskette is waarop die antwoorde gestoor kan word nie, moet die kandidate vouers op die rekenaar waarop hulle werk, skep en al hul werk in daardie vouer stoor. Hulle moet hul eksamennummer gebruik om die vouer te benoem. Die opsiener moet dan die vouers op 'n USB-flitsgeheue stoor en die USB-flitsgeheue vir veilige bewaring (vir EEN jaar) by die eksamenkantoor inlewer.
15. GEEN papier mag uit die EKSAMENLOKAAL verwyder word nie, insluitende vraestelle. ALLE papiere moet ingedien word. Vraestelle mag aan die einde van die laaste sessie aan die kandidate gegee word.
16. Ingeval daar meer as een eksamensessie is, moet die opsieners seker maak dat ALLE antwoorde en vouers van kandidate van die hardeskywe of die netwerk verwyder is voordat die kandidate vir die volgende sessie in die eksamenlokaal toegelaat word.

17. GEEN kandidaat mag sy/haar werk namens 'n ander kandidaat druk nie, sy/haar flitsgeheue/stoortoestel aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel nie, of toegang tot ander kandidate se werk op die netwerk verkry nie.


Enige poging om inligting van of inligting aan 'n ander kandidaat op watter manier ook al oor te dra, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal as 'n onreëlmatige handeling beskou word.

AFDELING A: TEORIE**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 1.1.1 Om hoëgehalte-hardekopiegrafika in kleur te produseer, sal jy 'n ... wil gebruik.
- A RGB-monitor 
B stipper
C inkstraaldrukker
D laserdrukker
- 1.1.2 Die volgende is NIE 'n ergonomiese beginsel wat 'n rekenaar-gebruiker in aanmerking moet neem wanneer hy/sy 'n rekenaar gebruik nie:
- A Goeie, voldoende, indirekte lig
B Goeie ventilasie
C 'n Stoel met wieletjies
D Afstand en hoogte ten opsigte van die skerm
- 1.1.3 IDV is 'n afkorting vir ... 
- A internetdiensverskaffer.
B internasionale diensverskaffer.
C internasionale digitale verskaffer.
D internetdataverskaffer.
- 1.1.4 Watter EEN van die volgende randapparatuur kan as sowel 'n invoer- as afvoertoestel geklassifiseer word?
- A Luidspreker
B Laserdrukker
C Visuelevertooneenheid
D Stipper
- 1.1.5 'n Koppelvlak op die rekenaar wat asinchrone transmissie van datakarakters, een bis op 'n slag, moontlik maak:
- A Parallele poort
B USB-poort
C Firewire-poort 
D Seriepoort

- 1.1.6 Die term 'hardeware' het betrekking op ...
- A 'n stel instruksies wat 'n rekenaar moet hê om te kan funksioneer.
 - B die fisiese komponente van 'n rekenaar. 
 - C daardie komponente waaraan jy nie kan raak nie.
 - D 'n woordverwerkingstoepassing.

- 1.1.7 LAG ...
- A is data wat verander kan word.
 - B is 'n tydelike geheue.
 - C is beskikbaar om data te stoor.
 - D maak 'n klein deeltjie van die totale geheue uit.

- 1.1.8 Watter EEN van die volgende is 'n geldige en meer presiese stelling?
- A 1 KB = 1 024 grepe
 - B 1MB = 1 024 grepe
 - C 1KB = 1 000 grepe 
 - D 1 MB = 1 000 grepe

- 1.1.9 ... impliseer dat kopieregsageware onwettig gedupliseer word.
- A Data-uitgewerswette
 - B Sagtewareroof
 - C Die Wet op Databeskerming
 - D Kopiereg

- 1.1.10 Die regterknoppie op 'n muis word gebruik om ...
- A 'n kortpadkieslys te vertoon.
 - B 'n opsie te selekteer.
 - C vetdruk te selekteer.
 - D 'n nutsbalk in te voeg.



(10 × 2) (20)

- 1.2 Kies 'n woord of term uit die raam hier onder wat by die beskrywing in die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) pas. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

USB-poort; geheue; serieweergewand; randtoestel; rekenkunde–logika-eenheid; firewire-poort; KS en DVD-LAG's; luidsprekers en klankkaarte; sentraleverwerkingseenheid; WAN; trojaanse perd; modem; relatiewe formatering; lêervirus; ononderbroke kragtoevoer; partisionering; lêertoekenningstabel; fisiese formatering; tabletrekenaar; LAG; PDA


- 1.2.1 Hulpgeheue 

- 1.2.2 Om die hardeskyf in dele te verdeel wat aan die bedryfstelsel beskikbaar gestel kan word

- 1.2.3 'n Toestel wat aan die rekenaar en 'n telefoonlyn verbind is
- 1.2.4 Die rekenaar se brein 
- 1.2.5 Word gebruik om telefoonlêergids, elektroniese dagboeke, 'n kalender en 'n sakrekenaar te hou
- 1.2.6 Waar 'n rekord van die lêerposisie gehou word
- 1.2.7 'n Eksterne stamlynstandaard ('bus standard') wat 'n data-oordragkoers van 12 Mbps moontlik maak
- 1.2.8 Die voorbereiding van 'n hardeskyf in 'n formaat wat Windows in staat stel om data daarop te skryf en data daaruit te herwin
- 1.2.9 Waar vermenigvuldiging, optelling, aftrekking en deling uitgevoer word
- 1.2.10 Ook as iLink bekend (10 × 2) (20)
-  **[40]**

VRAAG 2

Voordat data op 'n disket geskryf kan word, moet die disket voorberei word.

- 2.1 Definieer die volgende terme wat vir die voorbereiding van 'n hardeskyf gebruik word:
- 2.1.1 Segmentering
- 2.1.2 Defragmentasie (2 × 2) (4)
- 2.2 Verduidelik die volgende DRIE maniere waarop die hardeskyf voorberei kan word:
- 2.2.1 Fisiese formatering
- 2.2.2 Partisionering
- 2.2.3 Lokale formatering  (3 × 3) (9)
- 2.3 Drie belangrike gebiede word tydens logiese formatering gevorm.
- Noem elke gebied en skryf die funksies daarvan neer. (3 × 2) (6)
- [19]**

VRAAG 3

3.1 Definieer elkeen van die volgende terme:

3.1.1 E-handel 

3.1.2 Binêre stelsel

3.1.3 Kommunikasiebeheereenheid

3.1.4 Werklik eenvoudige sindikering

(4 × 2) (8)

3.2 Skryf die volgende akronieme/afkortings volledig uit:

3.2.1 GIGO

3.2.2 MAN

3.2.3 KS-HS ('CD-RW')

3.2.4 PT/1 

(4 × 2) (8)

[16]

VRAAG 4

'n Plaasbestuurder moet bepaalde stappe uitvoer wanneer hy/sy rekenaars en die randapparatuur daarvan aankoop.



Sit al VYF stappe uiteen wat deur 'n boer gevolg moet word wanneer rekenaars vir 'n boerderyonderneming aangekoop word.

[5]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B: PRAKTIES

VRAAG 5: SIGBLAD ('SPREADSHEET')

5.1 Skep die volgende dokument in die sigbladprogram (Excel).

Gebruik die presiese selverwysings wat aangedui word. As jy die verkeerde seladresse gebruik, sal jy gepenaliseer word.

5.1.1 Moet NIE ry- en kolomopskrifte of lyne invoer nie aangesien dit slegs gegee word om die seladresse wat jy moet gebruik, te belig. (1)

5.1.2 Gebruik die omvouteksfunksie ('wrap text function') vir die kolomopskrifte in ry 5. (1)

5.1.3 Stoor die dokument as VRAAG 5.1.

5.1.4 Voeg jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 5.1 aan die regterkant as kopreël in. (2)

5.1.5 Druk die dokument op A4 in 'PORTRAIT' sonder ry- en kolomopskrifte en roosterlyne. (1)

	A	B	C	D	E	F
1	AGRICULTURAL IMPORT					
2						
3	From 2010-2015					
4						
5	Type of commodity	Year	Value	Tariff	Duty status	Duty
6	4x4 Tractors	2014				
7	Seeds	2013				
8	Chemicals	2012				
9	Vehicles	2011				
10	Spraying helicopters	2010				
11	Other inputs	2015				
12						

FIGUUR 1





5.2 Herwin die dokument genaamd VRAAG 5.1 en bring veranderinge aan soos in FIGUUR 2 hier onder aangedui word. Stoor dit dadelik as VRAAG 5.2.

5.2.1 Bring die volgende veranderinge aan die hoofopskrif, 'AGRICULTURAL IMPORT', aan: (4)

- Onderstreep die opskrif.
- Verander die fontgrootte na 18 pt en die fontsoort na Goudy Stout.
- Sentreer die hoofopskrif oor die breedte van die sigblad.



5.2.2 Verander die onderopskrif 'From 2010–2015' na vetdruk en skuinsdruk. (2)


5.2.3 Verander die kolomopskrifte in ry 5 na vetdruk en sentreer dit (horisontaal en vertikaal). Pas teksomvou toe, soos getoon word. (2)

- 5.2.4 Bereken die antwoorde waar die alfabetletters **A–G** in FIGUUR 2 verskyn. Gebruik die korrekte selverwysing in die formules. 
- A WAARDE** = Gebruik die HLOOKUP-funksie om elke kommoditeitswaarde volgens JAAR te bereken. Gebruik die tabel aan die onderkant as verwysing. (2)
- B TARIEF** = Bereken die 25% wat die regering op die waarde van elke kommoditeit hef. Gebruik 'n absolute selverwysing. (2)
- C AKSYNSBELASTINGSTATUS** = Gegewe dat aksynsbelasting slegs ten opsigte van kommoditeite met 'n waarde van R500 000 of hoër gehef word, gebruik die IF-funksie om te bepaal of 'n kommoditeit aksynsbelasting aantrek of nie. Die woord 'JA' moet langs daardie kommoditeite verskyn wat aksynsbelasting aantrek en 'NEE' moet langs die kommoditeite verskyn wat geen aksynsbelasting aantrek nie. (2)
- D AKSYNSBELASTING** = Gebruik die IF-funksie om die aksynsbelastingbedrag te bereken wat vir elke kommoditeit betaal moet word. As die kommoditeit vir aksynsbelasting kwalifiseer, word dit teen 35% van die kommoditeitswaarde bereken. (2)
- E TOTALE BESTEDING AAN INVOERE** = Bereken die totale bedrag vir die Waarde-, Tarief- en Aksynsbelasting-kolomme. Moenie die optelteken (+) in jou formule gebruik nie.  (2)
- F TOTAAL** = Bereken die totale bedrag vir elke kolom.  (2)
- G AANTAL KOMMODITEITSOORTE** = Gebruik die toepaslike formule om die aantal kommoditeitsoorte wat ingevoer word, te bepaal. (2)
- 5.2.5 Sorteër die data in numeriese volgorde volgens die Jaar-kolom. (1)
- 5.2.6 Voeg horisontale en vertikale lyne in deur die metode te gebruik waarmee jy vertrou is. (2)
- 5.2.7 Voeg 'n dubbelyn onder die 25% in. (1)
- 5.2.8 Vertoon al die syfers, wat geld voorstel, met 'n R-teken en 2 desimale plekke. Alle ander syfers moet as heelgetalle vertoon word. (3)
- 5.2.9 Maak al die antwoorde wat in **A–G** bereken is regsgerig en verander dit na vetdruk.  (2)
- 5.2.10 Maak 'n DRUKSTUK van die sigblad in 'LANDSCAPE' sonder ry- en kolomopskrifte of roosterlyne. Die sigblad moet op een bladsy inpas. (2)

AGRICULTURAL IMPORT						
<i>From 2010-2015</i>						
Type of commodity	Year	Value	Tariff	Duty status	Duty	Total spend on importation
4x4 Tractors	2014	A	B	C	D	E
Seeds	2013	A	B	C	D	E
Chemicals	2012	A	B	C	D	E
Vehicles	2011	A	B	C	D	E
Spraying helicopters	2010	A	B	C	D	E
Other inputs	2015	A	B	C	D	E
TOTAL		F	F		F	F
NUMBER OF COMODITY TYPES:	G					
Tariff:	<u>25%</u>					
	2010	2011	2012	2013	2014	2015
VALUE	270000	340000	525000	723000	730000	810000

FIGUUR 2

- 5.3 Herwin die dokument genaamd VRAAG 5.2 en stoor dit dadelik as VRAAG 5.3. (7)
- 5.3.1 Vertoon die formules. (7)
- 5.3.2 Verander die vraagnommer in die kopreël na VRAAG 5.3. (1)
- 5.3.3 Verstel die kolombreedtes.  (1)
- 5.3.4 Stoor en druk die dokument in 'LANDSCAPE' met die ry- en kolomopskrifte maar sonder roosterlyne. Die dokument moet op een A4-bladsy inpas. (3)
- 5.4 Herwin die dokument wat jy as VRAAG 5.2 gestoor het en stoor dit dadelik as VRAAG 5.4. (3)
- 5.4.1 Skep 'n SEGMENTGRAFIEK om die totale besteding aan invoere te vergelyk. (3)
- 5.4.2 Voeg die volgende inligting as die opskrif van jou grafiek in:
- Total spend on importation
EKSAMENNOMMER
VRAAG 5.4 (3)
- 5.4.3  Die legendes moet aan die linkerkant van die segmentgrafiek verskyn. (1)

- 5.4.4 Die databyskrifte moet aan die buitekant eindig. (1)
- 5.4.5 Beweeg die segmentgrafiek na 'n nuwe bladsy.  (1)
- 5.4.6 Druk die segmentgrafiek in 'LANDSCAPE' op een bladsy. (2)
- [61]**

VRAAG 6: WORD

Die rekenaardosent het reeds 'n dokument op die datadisket/werkskerm/dokumente ingesleutel. Die naam van die dokument is 'WORD DOCUMENT'. Die volgende is 'n afskrif van die dokument:

Die invoer van diere en diereprodukte

Ingevolge die Wet op Diersiektes (Wet No. 35 van 1984) en die Wet op die Veiligheid van Vleis (Wet No. 40 van 2000) mag burgers diere en/of diereprodukte, wat as veilig beskou word, invoer.

Die invoere moet aan die invoervereistes, wat op die veeartsenyinvoerpermit gegee word, voldoen.



Wat is diereprodukte?

Diereprodukte bestaan uit, of bevat, diere materiaal. Voorbeelde hiervan is melk, kaas, vleis, biltong, velle, pelse, wildstroeë, dierevoer wat diere materiaal bevat, inentings, medikasie wat van diere materiaal gemaak word en laboratoriummonsters van diere.

Invoervereistes

Daar moet aan bepaalde invoervereistes voldoen word wanneer diere en/of diereprodukte in die land ingevoer word. Hierdie vereistes het ten doel om die binnebring van eksotiese (vreemde) siektes in Suid-Afrika te verhoed. Die rede daarvoor is om die nasionale diere- (en menslike) bevolking asook ons uitvoermarkte te beskerm. Ander staatsowerhede het hul eie invoervereistes vir sekere produkte waaraan voldoen moet word, byvoorbeeld vleis wat ook deur die Direkoraat van Veeartsenydiensbeheer word en wat die slagprosedures en slagpale van die uitvoerland sal evalueer.

Invoerreëls

Die volgende is nodig elke keer as diere en/of diereprodukte ingevoer word:



- 'n Oorspronklike veeartsenyinvoerpermit wat deur die Nasionale Direkoraat van Veeartsenydiensbeheer uitgereik word
- 'n Oorspronklike gesondheidsertifikaat wat behoorlik in Engels en volgens die vereistes op die invoerpermit ingevul en deur die veeartsenyowerheid van die uitvoerland onderteken is

Daar moet aan al die voorwaardes op die veeartsenyinvoerpermit voldoen word en dit is die invoerder se verantwoordelikheid.

Hoe om aansoek om 'n veeartsenyinvoerpermit te doen

- Vul 'n aansoekvorm in.
- Bekom die korrekte aansoekvorm by jou plaaslike staatsveeartsenykantoor, 'n goedgekeurde inklaringshawer in Suid-Afrika of die Nasionale Direkoraat van Veeartsenydienste in Pretoria.
- Daar is 'n tarief wat per permit vir elke besending betaalbaar is.
- Die aansoek moet minstens vier tot ses weke voor die voorgenome invoer by die Pretoria-kantoor ingedien word.

Onwettige invoere

Enige diere en/of diereprodukte wat sonder 'n oorspronklike veeartsenyinvoerpermit in Suid-Afrika ingevoer word, kan as onwettige invoer beskou word.

Goedgekeurde inklaringshawens

Diere of diereprodukte mag slegs by die volgende goedgekeurde inklaringshawens ingevoer word:

Lughawens: OR Tambo International, Cape Town International of Durban International
 Hawens: Kaapstad, Durban of Port Elizabeth (slegs uitgesoekte produkte)
 Grensposte met buurlande: Namibië (Nakop en Vioolsdrif), Botswana (Ramatlaba),
 Zimbabwe (Beitbrug), Swaziland (Golela en Oshoek) en Mosambiek (Komatipoort/Lebombo)

- 6.1 Maak die 'WORD DOCUMENT', wat op die vorige bladsy gemeld word, oop.
- 6.2 Stoor dit dadelik onder 'n nuwe naam as VRAAG 6.
- 6.3 Bring die volgende veranderinge op die dokument aan:
- 6.3.1 Verander die opskrif, 'Die invoer van diereprodukte' na vetdruk en bokas, en onderstreep en sentreer dit. Verander die fontsoort na Verdana, grootte 18 pt. (6)
- 6.3.2 Verander die derde paragraaf 'Daar moet aan bepaalde invoervereistes ... van die uitvoerland sal evalueer' soos volg: (3)
- Keep 5 cm/2' aan albei kante in.
 - Die lynspasiëring moet dubbel ('double') wees.
 - Sentreer die paragraaf.
- 6.3.3 Verander die woord 'land' waar dit op sy eie staan na vetdruk en skuinsdruk. (2)
- 6.3.4 Verander die linkerkantlyn van die hele dokument na 4 cm/1.58'. (1)
- 6.3.5 Skuif die tweede paragraaf, 'Wat is diereprodukte ... laboratorium-monsters van diere', na die einde (laaste paragraaf) van die dokument. (2)
- 6.3.6 Verander alle onderopskrifte na vetdruk en onderstreep dit. (2)

6.3.7 Verander die teks in twee kolomme soos hier onder uiteengesit is.


Die eerste kolom moet die paragraaf en onderopskrif, 'Invoerreëls', bevat. Die tweede kolom moet die paragraaf met die onderopskrif, 'Hoe om aansoek om 'n veeartsenyinvoerpermit te doen', bevat. Verander die paragrawe in die kolomme om volledig gejusteer te wees.

(3)

6.3.8 Voeg die volgende vorms met die teks aan die einde van die tweede bladsy in, soos dit in die dokument getoon word. Voeg nommering in die vorms in. Pas 'n vormbuitelyn met 'n 2¹/₄ pt-gewig toe. Verander die term 'Staatskoerant' na skuinsdruk.

(4)

Hoe om invoere te doen



6.3.9 Voeg 'n bladsynommer onder in die middel van al die bladsye in. (2)

6.4 Sleutel jou EKSAMENNOMMER links en VRAAG ... regs in die kopreël in. (2)

6.5 Stoor die dokument en maak 'n DRUKSTUK daarvan.

[27]



VRAAG 7: DATABASIS

Skep 'n databasis met behulp van die lêer genaamd 'IMPORTATION'.

7.1 Skep die volgende velde:

C:\Users\user\Desktop\2018 national EXAM\IMPORTATION.accdb 16 August 2018
 Table: IMPORTS Page: 1

Columns

Name	Type	Size
NO	Long Integer	4
COMMODITY	Text	20
YEAR	Long Integer	4
DATE PURCHASED	Date/Time	8
COST	Currency	8
ATTRACTS DUTY	Yes/No	1
EXAM NO	Long Integer	4
QUESTION 3	Text	10

- 7.2 Sleutel die volgende rekords in en stoor die tabel as 'IMPORTS'.
Maak 'n DRUKSTUK van die tabel op A4 in 'LANDSCAPE'. (10)

NO	COMMODITY	YEAR	DATE PURCHASED	COST	ATTRACTS D	EXAM NO	QUESTION 3
1	COMBINED HARVESTOR	2010	2010/03/22	R 750 000.00	<input checked="" type="checkbox"/>		
2	TRUCK	2011	2011/03/29	R 520 000.00	<input checked="" type="checkbox"/>		
3	MOTOR BIKES	2015	2015/02/06	R 20 000.00	<input type="checkbox"/>		
4	CHEMICALS	2017	2017/10/12	R 10 000.00	<input checked="" type="checkbox"/>		
5	ANIMALS	2016	2016/03/05	R 152 000.00	<input type="checkbox"/>		

- 7.3 Maak 'n DRUKSTUK van 'n struktuur van die tabel hier bo. Die DRUKSTUK moet in 'PORTRAIT' wees. (10)

- 7.4 Skep 'n verslag met behulp van die volgende opskrifte:

KOMMODITEIT	JAAR	KOSTE
-------------	------	-------

 (2)

- 7.4.1 Slegs daardie kommoditeite met 'n prys van R100 000.00 of hoër moet in die verslag verskyn. (1)

- 7.4.2 Sorteër die data in stygende volgorde volgens jaar. (2)

- 7.4.3 Die titel van die verslag moet jou 'EKSAMENNOMMER VRAAG 7 VERSLAG' wees. (2)

- 7.4.4 Die berekende TOTALE KOSTE moet onder die laaste KOSTE en die woord 'TOTAAL' moet onder die laaste KOMMODITEIT verskyn. (4)

- 7.4.5 Maak 'n DRUKSTUK van die verslag op 'n A4-bladsy in 'PORTRAIT'. (1)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200